# Deel 24 - 13 Oktober 2022 - Profetiese betekenis van die opwekking van die weduwee se seun

Omvorming van die aarde – Gedikteer aan Bertha Dudde op 2/3/59

**No: 7297** Die aarde sal as hemelliggaam bly bestaan, want haar **totale vernietiging het Ek nie voorsien nie**. Maar **alles** wat op aarde leef, net soos alle skeppings in die natuur, sal vergaan, sodat 'n **totale reiniging van die aarde** kan plaasvind, wat in haar huidige toestand nie **meer dienstig is vir die opwaartse ontwikkeling van die geestelike nie.** Al die geskapenes in, op en bo die aarde sal die lewe verloor. Hulle sal bevry word van die omhullende uiterlike vorm en sal nou die weg van ontwikkeling verder kan aflê, wat in die huidige tyd 'n gevaar is vir alles wat daar bestaan. Want My teenstander woed op elke moontlike manier en hy **probeer om elke ontwikkeling te verhinder of te onderbreek**. Die aarde moet egter nog **deur eindelose tye heen haar opdrag vervul,** want op haar moet die nog onryp wesens hulself ontwikkel tot kinders van Elohim.

Daarom sal die **aarde as nuut** tevoorskyn kom nadat 'n ingrypende omvorming plaasgevind het. Nadat al die geestelike na behore gevonnis is, dit wil sê, wat in hulle toegediende uiterlike vorm ingelyf is, van die vaste materie tot en met die mens, vir wie daar ook weer **makliker ontwikkelingsmoontlikhede** gebied moet word om die doel te kan bereik, naamlik om **ware kinders van Elohim** te word.

Hierdie vernietiging aan die einde is dieselfde as die **einde van die ou aarde**, - ofskoon die hemelliggaam as sodanig sal bly bestaan, maar slegs 'n totale **omvorming van haar uiterlike vorm** sal ondergaan. En daarom kan en moet ook met reg op 'n einde gewys word, wat nie net 'n einde is van alle beskawings nie, maar 'n **einde** beteken van alles wat is, dus **van elke skeppingswerk op hierdie aarde.**

En daar begin dan weer 'n nuwe tydperk, want die **hele aardoppervlakte sal Ek weer opnuut laat herlewe** met skeppings van die wonderbaarlikste aard waaraan die menslike oog homself weer kan verlustig. Want Ek sal aan al die nuwe skeppings die wonderlikste vorms gee en die grootste verskeidenheid van lewende wesens sal Ek vir die mense as geselskap gee wat hierdie nuwe aarde weer gaan bewoon, en dit sal Ek Self vir hulle laat toekom in liefde, wysheid en mag. Want Ek vorm vir My **die stam van 'n nuwe mensegeslag** uit hulle wat Ek voor die tyd van die ou aarde kon **wegneem**, **wie My trou gebly het tot aan die einde** en wie Ek daarom uitgekies het vir die **nuwe generasie,** waaruit mense weer moet voortkom en sal lewe volgens My wil en by wie Ek Self sal kan vertoef op grond van hulle geloof en hulle liefde.

Dit sal 'n paradysagtige bestaan wees, want alle nuwe skeppings sal die mense in 'n ongekende mate met vreugde vervul. Die mense sal waarlik 'n paradys bewoon, 'n aarde wat nie meer met die ou aarde vergelyk kan word nie. **Want sy sal slegs nog deur ryp mense bewoon word**, wie ook 'n mate van saligheid kan ontvang wat tevore nie op aarde geken was nie, omdat die mense meestal almal aan satan behoort, om welke rede daar 'n reiniging van die ou aarde moes plaasvind.

En hierdie tyd lê voor julle en elkeen van julle kan sy wese nog so verander dat hy die grote geluk van die wegneming ten deel sou kon val. Maar die vaste geloof daaraan kan die mens selde ophaal en ook maar min mense is so met liefde vervul dat hulle aan die **klein kudde sal behoort** wat Ek skielik en onverwags sal oproep.

Maar daarvoor sal die aarde nog oorval word deur 'n tyd van nood – wat vir julle 'n seker teken sal wees dat die dag nie meer vêr sal wees nie. Wanneer julle die aktiwiteit van My teenstander baie duidelik sal kan waarneem en julleself aan die bose dade van sy volgelinge blootgestel sal wees, wanneer die nood sal toeneem en daar vir julle geen uitweg meer moontlik lyk nie, dan sal die einde ook naby wees. **Dan sal Ek deur My mag al die aartsbose vernietig en die wat Myne is, van 'n sekere ondergang red.**

En die wat deur My weggeneem gaan word, sal die ondergang van die ou aarde belewe, al kan hulle self nie meer daardeur getref word nie. Maar eendag sal hulle kan getuig van die strafgerig van 'n regverdige Elohim. Hulle sal die daad van vernietiging moet kan aanskou en Hom nogtans loof en prys Wie hulle van die oordeel gered het.

En weer sal Ek 'n skeppingsdaad verrig, want slegs My wil sal weer 'n nuwe aarde laat ontstaan. 'n Woonplek vir My kleine kudde, vir My uitverkorenes. Hulle sal nou in vrede en vryheid, in vreugde en saligheid en in lig en krag in die paradys 'n totaal nuwe lewe lei waar **geen leed en pyn meer sal wees nie**. Want die veroorsaker van al die bose sal gekluister wees en sal die mense vir lang tyd nie meer kwel nie.

Want 'n aardse periode sal dan ten einde geloop het en dan begin daar weer 'n nuwe, wat die tallose nog gekluisterde geestelike omhoog moet lei om die uiteindelike doel moontlik te maak, naamlik die **vereniging met My as My kind**. En julle mense staan voor hierdie gebeure, want die tyd wat vir julle gestel was om vry te raak uit die vorm, is vervul. Amein.

***Jesaja 11:6-8:** Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. 7 Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; 8 en die suigling speel by die gat van 'n slang, en die gespeende kind steek sy hand uit na die woonplek van 'n adder.*